Vakature: Rektor

Die Hugenote Kollege te Wellington is ’n geregistreerde Hoër Onderwys-instansie wat tans ’n graadkursus in Maatskaplike Werk aanbied. Meer grade word binne die afsienbare toekoms in die vooruitsig gestel. Die Kollege bied ook Voortgesette Onderwys en Opleidingsprogramme aan wat fokus op toegepaste kennis en vaardighede binne die kerklike en maatskaplike omgewing. Die Skool vir Sosiale Innovasie bied ook noodsaaklike opleiding met betrekking tot leierskap en ontwikkeling aan. Die Kollege beskik oor gevorderde tegnologie met die oog op afstandsonderrig. Die Kollege is ’n werksaamheid van die NG- en VG Kerk en het ’n Christelike karakter en missionale roeping.

Vanweë die aftrede van die huidige Rektor (in Desember 2019), word aansoeke ingewag van dinamiese persone om hierdie uitdagende posisie vanaf Januarie 2020 te vul.

Die ideale kandidaat voldoen aan die volgende vereistes:

- toepaslike nagraadse kwalifikasie (doktorsgraad dien as aanbeveling) en bewese akademiese profiel
- bewese visionêre leierskap- en bestuurservaring
- ervaring en insig in die kerklike en maatskaplike omgewing
- goeie werkskennis / ervaring van toepaslike wetgewing, strukture en beste praktyke / metodiek van onderwys & opleiding (Hoër Onderwys en VOO)
- goed ontwikkelde interpersoonlike- en fasiliteringsvaardighede
- bewese administratiewe vaardighede (IT, finansies en MHB)
- gebalanseerde Christelike teologie, waardesisteem en lewensbeskouing

Die suksesvolle posbekleër sal verantwoordelikheid neem vir die volgende funksies:

- akademiese leiding
- strategiese leierskap en bestuur
- oorhoofse bestuur van kursusse/programme en dienste
- bemarking en openbare skakeling
- finansiële bestuur
- menslikehulpbronne bestuur
- inligtingstegnologie
- geboue en infrastruktuur
- administratiewe bestuur

Rig asseblief u CV so spoedig moontlik aan Joep Joubert by info@hrsa.co.za

Sluitingsdatum: Vrydag 26 Julie 2019